education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GEOGRAFIE V2

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat ‘n reël oop tussen die onderafdelings van die vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan ‘n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of ‘n lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag ‘n vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. ‘n 1 **:** 50 000 topografiese kaart 22530BD MBOMBELA en ‘n 1 **:** 10 000 ortofotokaart 2530 MBOMBELA word voorsien.

15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.



16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.



17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

### VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Kies die begrip/term uit KOLOM B wat by die prent in KOLOM A pas. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv 1.1.9 **Y**.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.1.1 |  | **Y** Waterpuntnedersetting<br>**Z** Droëpuntnedersetting |
| 1.1.2 |  | **Y** Lineêre verdediging<br>**Z** Lineêre fort |
| 1.1.3 |  | **Y** Verdedigingsnedersetting<br>**Z** Verspreide landelike nedersetting |
| 1.1.4 |  | **Y** Kruispadpatroon<br>**Z** Stervormige patroon |
| 1.1.5 |  | **Y** In die Suidelike Halfrond geleë<br>**Z** In die Noordelike Halfrond geleë |

| | |
|---|---|
| 1.1.6  | **Y** Kommersiële boerdery<br>**Z** Bestaansboerdery |
| 1.1.7  | **Y** Mensgemaakte voorwerp<br>**Z** Fisiese (natuurlike) voorwerp |
| 1.1.8  | **Y** Verspreide nedersetting<br>**Z** Kern nedersetting |

(8 x 1) (8)

1.2 Kies ‘n term/begrip vir die volgende beskrywings wat voorsien is. Skryf slegs die term/begrip langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.8 handels-en-vervoerdorp.

1.2.1 ‘n (Vakansiedorp/Gespesialiseerde dorp) ontwikkel omdat daar ‘n hoof fisiese hulpbron voorkom.

1.2.2 ‘n (Aansluitingsdorp/Poortdorp) ontstaan by hoof vervoeraansluitings.

1.2.3 ‘n (Vragverbrekingspunt/Aansluitingsdorp) is waar goedere van een soort vervoer oorgelaai word na ‘n ander soort vervoer.

1.2.4 ‘n (Gespesialiseerde/Sentrale) dorp voorsien goedere en dienste aan die omliggende landelike gebiede.

1.2.5 ‘n (Vakansie/brug)-dorp het ‘n natuurlike aantrekkingskrag wat tot die ontwikkeling van hierdie dorp gelei het.

1.2.6 Worcester is ‘n (sentrale/poort)-dorp want dit is in ‘n bergpas geleë.

1.2.7 ‘n (Nywerheids-/brug-) dorp fokus hoofsaaklik op vervaardiging.

(7 x 1) (7)

1.3 Verwys na die uittreksel oor Grondhervorming

**Grondhervorming in Suid-Afrika faal. Ignorering van die realiteite van die landelike lewe speel ‘n rol.**

Daar is ‘n wydverspreide ooreenstemming dat grondhervorming in Suid-Afrika misluk het om die veranderinge te lewer. Rasgebaseerde ontworteling en grond onteiening was die sentrale kenmerke van koloniale verowering en apartheidsreël. Om weer aandag daaraan te gee, in 1994, het die nuut gekose African National Congress (ANC) ‘n doel om herverdeling van 30% van die land se landbougrond wat aan wit eienaars behoort, aan swart eienaars te gee. Voortgesette mislukking om naby hierdie mikpunt te kom, hoop die regering om dit nou te bereik toon dit dat die grondhervormingsprogram misleidend was. Dit was vir ‘n sosio-ekonomiese omgewing wat nie bestaan het nie, ontwerp. Dit misken drie belangrike faktore:

Grond het veelvuldige gebruike anders as net produksie. Klein landelike boere is nie suiwer ekonomies selfonderhoudend nie. Familie en gemeenskapsverpligtinge skep finansiële druk wat kan veroorsaak dat klein landelike boere produksie staak en in armoede verval.

[Aangepas uit:https://theconversation.com/land-reform-in-south-africa-is-failing-ignoring-the-realities-of-rural-life]

1.3.1 Definieer die term *grondhervorming.* (1 x 2) (2)


1.3.2 Haal DRIE belangrike faktore uit die uittreksel aan dat Suid-Afrika se grondhervormingsprogram geïgnoreer word. (3 x 1) (3)

1.3.3 Verskaf EEN rede waarom grondhervorming in Suid-Afrika nodig geag word. (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik TWEE uitdagings wat met grondhervorming geassosieer word, waarom die regering nie hul doel bereik nie. (2 x 2) (4)

1.3.5 Veduidelik TWEE metodes wat die regering kan implementeer om die mense wat hervestig is, as gevolg van grondhervorming, te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die foto hieronder wat stedelike verbreiding toon.




[Aangepas uit: https://www.thetimes.co.uk/article/cambridge-university-attacking-citys-green-belt-z3cqx6f7d]

1.4.1 Definieer die term *stedelike verbreiding.* (1 x 2) (2)

1.4.2 Identifiseer die grondgebruiksones **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 1) (2)

1.4.3 Verskaf ‘n rede waarom gebied **A** heel moontlik tot in gebied **B** sal uitbrei. (1 x 2) (2)

1.4.4 Verduidelik die hooffunksie van **B** met betrekking tot die uitbreiding van gebied **A.** (1 x 2) (2)

1.4.5 Noem DRIE voordele van gebied **B**. (3 x 1) (3)

1.4.6 Verduidelik hoe *new towns* die probleem van uitbreiding van gebied **A** na gebied **B** kan help beskerm. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die uittreksel hieronder oor informele nedersettings

**8 sterf van elektriese skok in Suid-Afrika se oorstroomde informele nedersettings**

Na ‘n naweek van swaar reën in Suid-Afrika se Weskaap, het huise in die oorstroomde informele nedersettings met tydelike elektriese bedrading die plekke van veelvuldige sterftes geword. Ten minste agt mense, insluitende vier kinders, sterf na ‘n elektriese skok in die gebied se arm townships, waar baie inwoners hul huise aan bestaande kraglyne op n onveilige manier gekoppel het.

Oorweldig deur die vinnige bevolkingsgroei en stedelike uitbreiding, woon daar rondom 11 persent van Suid-Afrika se bevolking in informele behuising, volgens 2021 Statistieke Suid-Afrika se navorsing.

Informele nedersettings het grootliks ‘n tekort aan gereelde sanitasiedienste, elektrisiteit en lopende water – dit lei tot ‘n toename in kwesbaarheid van die inwoners.

[Aangepas uit: https://www.washingtonpost.com/world/2023/09/26/south-africa-flood-electrocution-informal-settlements-housing-cape/]

1.5.1 Definieer die term *informele nedersetting.* (1 x 2) (2)

1.5.2 Noem die oorsaak van die mense se dood in die uittreksel. (1 x 1) (1)

1.5.3 Hoeveel mense is dood as gevolg van die oorsaak wat in VRAAG 1.5.2 geïdentifiseer is? (1 x 1) (1)

1.5.4 Haal DRIE probleme aan wat in informele nedersettings voorkom. (3 x 1) (3)


1.5.5 In ‘n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik volhoubare maatreëls wat die regering kan implementeer om die leeftoestande in die informele nedersettings te verbeter. (4 x 2) (8)

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Die skets hieronder toon TWEE soorte boerdery. Pas die beskrywings in VRAAG 2.1.1 tot 2.1.8 by die foto's **A** of **B**. Skryf slegs die letter (**A** of **B**) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 B.




[Aangepas uit https://clipart-library.com/free/farming-clipart-black-and-white.html]

2.1.1 Boerdery wat groot hoeveelhede per hektaar lewer

2.1.2 Word met ekstensiewe boerderypraktyke geassosieer

2.1.3 Produkte vir die tuis- en uitvoermark

2.1.4 Boerdery wat as kleinskaalboerdery beskryf word

2.1.5 Boerdery wat met monokultuur geassosieer word

2.1.6 Boerdery wat kapitaalintensief is en wat gevorderde tegnologie gebruik

2.1.7 Boerdery wat op voedselsekuriteit in plaaslike gemeenskappe fokus

2.1.8 Boerdery wat lae opbrengs per hektaar produseer (8 x 1) (8)

2.2 Kies die regte woord(e) wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 ligte nywerheid.

2.2.1 (Ligte/Swaar) nywerhede beslaan groot gebiede en is geneig tot meer lugbesoedeling.

2.2.2 ‘n Kragstasie is ‘n voorbeeld van ‘n (mark/grondstof)-georiënteerde nywerheid.

2.2.3 Die ligging van (ongebonde/alomteenwoordige) nywerhede word nie deur faktore soos rou grondstof, vervoer of mark bepaal nie.

2.2.4 (Ligte/Swaar)-nywerhede kan rondom die SSG geleë wees.


2.2.5 (Mark/Grondstof)-georiënteerde nywerhede vervaardig in die algemeen lae orde goedere wat bederf kan raak.

2.2.6 (Brug/Grondstof)-georiënteerde nywerhede is naby hawens geleë waar rou grondstowwe ingevoer word.


2.2.7 (Alomteenwoordige/Markgeoriënteerde) nywerhede soos telekommunikasies word nie deur enige spesifieke liggingsvereistes bepaal nie. (7 x 1) (7)


Kopiereg voorbehou 

2.3 Verwys na die infografika in verband met BEESTE.




Kommersiële boere word op 22 000 geskat en werkers op 138 000 mense, opkomende boere en gemeenskaplike boere is 3 miljoen wat aan 9 miljoen mense werk verskaf. Daar is ongeveer 100 kommersiële voerkrale met 5 000 werkers en 332 slagpale in Suid-Afrika. Die beesvleisindustrie is 'n hoofbydraer tot lewensbestaan met 2 125 000 mense wat afhanklik is van die lewendehawe-industrie.




[Aangepas uit https://www.capetowngreenmap.co.za/12-go-green/smart-living/energy/7-energy]

2.3.1 Watter provinsie het die hoogste persentasie beeste geslag? (1 x 1) (1)


2.3.2 Noem TWEE hoof beesvleismaatskappye wat beesvleis voorsien, uit die infografika. (2 x 1) (2)

2.3.3 Verduidelik die verband tussen beesvleisuitvoere en beesvleisinvoere volgens die infografika. (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik hoe beesboerdery 'n omgewingsongeregtigheid veroorsaak. (2 x 2) (4)

2.3.5 Hoekom kan beesvleisproduksie as 'n ekonomiese voordeel gesien word in die gebiede waar dit geproduseer word. (3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die uittreksel en kaart van die Suidwes Kaapnywerheidstreek en Saldanha NOS.




As gevolg van goeie konsultasie tussen die regering en Saldanhabaai se gemeenskap het hierdie dorp in die Weskaap potensiaal vir ekonomiese groei en werkskepping. Daar is tekens dat direkte buitelandse beleggings in die toekoms sal toeneem.

Baie huurkontrakte is alreeds deur olie- en gasmaatskappye geteken. Die hawe is vergroot om die groei wat gaan plaasvind te kan hanteer en twee groot windenergie-projekte is gefinansier. Hierdie gebied het ook 'n aantal unieke natuurlike kenmerke wat toeriste sal lok.

[Aangepas uit https://www.capetowngreenmap.co.za/12-go-green/smart-living/energy/7-energy]

2.4.1 Waarvoor staan NOS? (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem TWEE alternatiewe maniere van kragopwekking in die Suidwes Kaap. (2 x 1) (2)

2.4.3 Gee TWEE redes hoekom Saldanhabaai NOS potensiaal het om ekonomies te groei. (2 x 2) (4)

2.4.4 Verduidelik die belangrikste faktore wat die ontwikkeling in die Suidwes Kaap-nywerheidsgebied verhinder. (2 x 2) (4)

2.4.5 Verduidelik TWEE voordele van nywerheidsdesentralisasie vir die kern-nywerheidsgebiede in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na die uittreksel hieronder oor Informele sektor.

**Suid-Afrika se florerende informele ekonomie**

Die hartklop van Suid-Afrika se stedelike kern is die straatsmouse. Hul voorsien pendelaars van vars vrugte, gekookte kos en drinkwater. Hulle voed moeë siele en maak stukkende sole reg van die wat na en van die werk loop. Hulle gaan voort met die nalatenskap van inheemse praktyke deur die verkoop van tradisionele Afrikagoedere. Hulle verteenwoordig die nis en die kreatiewe in Afrika, verkoop ook die broodnodige vir oorlewing aan die werkende massas, dikwels sonder herkenning en uitgesluit van die hoofstroom finansiële sektor. Hierdie mikro-entrepreneurs bied hartklop, kultuur en karakter van die Suid-Afrikaanse florerende informele ekonomie.

Informele werk is onsekere werk. Volgens die aard van die werk, kan die winste aansienlik wissel van week tot week. Die skaarsheid van persele om hul goed te verkoop kan geleenthede beperk. Infrastruktuur kan ontbreek – ablusiefasiliteite, stoorgeriewe en toegang tot elektrisiteit. Straatsmouse staar ook gesondheidsimpakte soos blootstelling aan lugbesoedeling, swak geventileerde ruimtes en blootstelling aan biomassabrandstof van koskook op gas of oop vure, in die gesig.

Informele werkers is uitgesluit van die bepalings van die Suid-Afrikaanse Beroepsveiligheid en Gesondheidswet omdat daar dikwels geen werksverhouding is nie of hulle werk in onkonvensionele werksplekke soos in stedelike openbare plekke. Straatsmouse staar ook die slegte realiteit van misdaad van die Johannesburgse strate in die gesig.

[Aangepas uit https://www.forbesafrica.com/entrepreneurs/2023/06/27/cityscapes-snapshots-of-south-africas-thriving-informal-economy/]

2.5.1 Definieer die term *informele sektor.* (1 x 2) (2)

2.5.2 Wie is die hartklop van Suid-Afrika se middestad? (1 x 1) (1)

2.5.3 Haal uit die uittreksel die TWEE soorte produkte wat informele werkers verkoop, aan. (2 x 1) (2)

2.5.4 Noem TWEE faktore uit die uittreksel wat veroorsaak dat winste wisselvallig is. (2 x 1) (2)

2.5.5 In ‘n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die uitdagings wat die informele sektor in die gesig staar. (4 x 2) (8)


**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3 : GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

**ALGEMENE INLIGTING OOR MBOMBELA**




**Koördinate: 25˚27'S; 30˚59'O**

Mbombela, voorheen Nelspruit, is 'n stad in noordoostelike Suid-Afrika. Dit is die hoofstad en die grootste stad in die Mpumalangaprovinsie. Geleë aan die Krokodilrivier. Die stad lê 110 km per pad wes van die Mosambiekgrens en 330 km oos van Johannesburg en 82 km Noord van die Eswatinigrens. Die stad was een van die gasheerstede tydens die 2010 FIFA wêreldbeker.

[Aangepas uit: https://en.wikipedia.org/wiki/Mbombela]

## 3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Mbombela is in (Mpumalanga/KwaZulu-Natal) provinsie geleë. (1 x 1) (1)

3.1.2 Verskaf die kaart direk suid van 2530 BD MBOMBELA. (1 x 2) (2)

3.1.3 Bereken die vertikale interval/afstand (VI/VA) van die padmerker 674.0 in blok **E3** en padmerker 651.5 in blok **F4** (1 x 1) (1)

3.1.4 Bereken die horisontale ekwivalent (HE) van padmerker 674.0 in blok **E3** en padmerker 651.5 in blok **F4** (2 x 1) (2)


3.1.5 Bepaal die gradiënt van die pad/helling deur die waardes van VI/VA in VRAAG 3.1.3 en HE van VRAAG 3.1.4 te gebruik. (2 x 1) (2)

3.1.6 Is die helling (steil/geleidelik)? (1 x 1) (1)

3.1.7 Voorsien 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 3.1.6. (1 x 1) (1)

## 3.2 KAARTINTERPRETASIE

Gebruik die uittreksel hier onder om vraag 3.2.1 en 3.2.2 te beantwoord




3.2.1 Die industriële gebied noordwes van Valeciapark kan as (ligte/swaar) industrieë geklassifiseer word. (1 x 1) (1)

3.2.2 Vanaf die topografiese kaart, verduidelik TWEE redes waarom die gebied voordelig is vir die ontwikkeling van die industriële gebied. (2 x 2) (4)

Gebruik die topografiese kaart om die volgende vrae te beantwoord:

3.2.3 Die nedersetting in blok **E4** is ‘n (kern/verspreide) nedersetting. (1 x 1) (1)

3.2.4 Verskaf TWEE voordele van die nedersetting wat in VRAAG 3.2.3 geïdentifiseer is. (2 x 1) (2)

Gebruik die ortofotokaart om VRAAG 3.2.5 en 3.2.6 te beantwoord.

3.2.5 Bestudeer gebied **A** tot **B** op die ortofotokaart. Noem die klimatologiese faktor wat ‘n rol gespeel het in die ontwikkeling van die gebied. (1 x 2) (2)


3.2.6 Die gradiënt vanaf **A** na **B** word meer geleidelik. Verskaf bewyse vanaf die ortofotokaart om hierdie stelling KORREK te bewys. (1 x 2) (2)

## 3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.3.1 Definieer die term *afstandswaarneming.* (1 x 2) (2)

3.3.2 Noem TWEE voordele van afstandswaarneming. (2 x 1) (2)

3.3.3 Wat is *datastandardisering*? (1 x 2) (2)




3.3.4 Verduidelik waarom word datastandardisering op topografiese kaarte toegepas. (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou